Gebedskalender Oktober 2020

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
					2 Ons dank die Here dat ons Gemeente weer oop is vir eredienste en vir die veiligheid van lidmate.	**3** Ons dank die Here vir ons pragtige natuur en bid vir mense se bewuswording om dit op te pas.
4 KONINKRYKSTYD **Biddag vir Bejaardes** Ons bid vir al ons bejaardes wat eensaam, alleen en ongesteld is.	**5** Ons bid vir al ons leer-kragte wat onder moeilike omstandighede hulle werk moet doen.	**6** Ons bid vir die toekoms van ons matrieks vir stu-die– en werksgeleenthede	**7** Ons bid vir Allen en Lorraine Knowels - opleiding van sendelinge.	**8** Ons bid vir Huis Lückhoff se personeel en inwoners.	**9** Ons dank die Here vir die afname in Covid 19.	**10** Ons dank die Here vir al die reën en vol damme.
11 KONINKRYKSTYD Ons bid vir InVa se dienste	**12** Ons bid vir alle predikante en ander kerkleiers vir krag, leiding en wysheid.	**13** Ons bid vir ons president en ander leiers vir wysheid om die regte besluite te neem ten opsigte van ons land.	**14** Ons bid vir Danie en Esther van Niekerk en hulle kinders in Macedonië met al hulle uitdagings.	**15** Ons bid vir Huis Rosedon se personeel en inwoners.	**16** Ons bid dat die Here sal voorsien dat die ekonomie in ons land weer sal verbeter.	**17** Ons bid dat die Here sal voorsien in dele van ons land waar dit nog steeds droog is en boere swaarkry.
18 KONINKRYKSTYD Ons bid vir al ons Gesondheidsdienste wat groot en belangrike werk verrig.	**19** Ons dank die Here dat Hy so voorsien in ons Gemeente se finansies en vir elkeen wat gereeld bydraes maak.	**20** Ons bid vir instansies soos U Turn, Ladles of Love en ander wat omsien na straatmense.	**21** Ons bid vir ons sendelinge in Nairobi, Benson Sakala en sy gesin vir wysheid om belangrike besluite te neem.	**22** Ons bid vir Avondrust se personeel en inwoners.	**23** Ons bid dat die ongeregtigheid en korrupsie in ons land tot 'n einde sal kom.	**24** Ons bid vir wysheid en kreatiwiteit waar daar besluite geneem moet word oor die werksaamhede van ons Gemeente in die toekoms.
25 KONINKRYKSTYD Ons dank die Here vir ons bybel in Afrikaans.	**26** Ons bid vir ons kantoorpersoneel - Koos, Ester en Gavin vir hulle getroue werk.	**27** Ons bid vir ons Kerkraad wat leiding moet gee.	**28** Ons bid vir Gwen Gaffley en haar werk by polisiestasies en skole.	**29** Ons bid vir Wessel en Joan van der Merwe in Angola	**30** Ons bid vir mense wat ernstige finansiële krisisse beleef agv die inperking.	**31** Ons bid vir Huis Lückhoff se wykskerkraad vir wysheid.